**Tito Mboweni was integraal tot SA se makro-ekonomiese stabiliteit**

**Tshwane, 13 Oktober 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bring spesiale hulde aan wyle mnr. Tito Mboweni wat ons makro-ekonomiese landskap help stabiliseer het in die sentrale rolle wat hy as goewerneur van die Reserwebank en as minister van finansies gespeel het, in noue samewerking met SARS as deel van die wyer finansiesfamilie.

Hy was vir 10 jaar, van 1999 tot 2009, goewerneur van die Reserwebank - 'n dekade samelopend met die 10 jaar wat wyle mnr. Pravin Gordhan as kommissaris van SARS gedien het. Dit was hierdie dekade van stabiliteit in leierskap, saam met mnr. Trevor Manuel as minister van finansies op daardie stadium, wat SARS bygestaan het met sy strategiese herposisionering en modernisering as 'n wêreldklas inkomste-owerheid.

Geen ander regeringsportefeulje het sulke stabiliteit in leierskap vir so 'n lang tydperk gehad nie, wat noodsaaklik was vir die bou van ons demokrasie en versterking van instansies soos SARS en die Reserwebank.

SARS Kommissaris, Edward Kieswetter, het hulde gebring aan mnr. Mboweni as deel van 'n generasie van jong leiers wat die stryd teen apartheid geprioritiseer het toe dit onmoontlik geblyk het om die minderheidsbewind te oorwin.

"Mnr. Mboweni het vrywillig die nodige opofferings gemaak om ons doel van vryheid te realiseer op 'n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese wyse. Sy generasie was bekend as die "jong leeus" vir hulle dapperheid en onselfsugtigheid. Daarvoor salueer SARS hom vir sy stryd teen die minderheidsbewind en vir die bou van ons demokrasie. Sy leierskap as minister van finansies het op die belangrikste tydstip in die geskiedenis van SARS gekom nadat dit 'n opsetlike en sistemiese desimasie van sy staatsbestuur gely het in die vervolging van korrupte voorneme. Dit was wyle Minister Mboweni, na aanbeveling deur die komitee, wat die president aanbeveel het om my as kommissaris van SARS aan te stel.

Ek het sedert Mei 2019 die plesier gehad om langssy Tito Mboweni te werk onderwyl ons die reis jeens die herbou van SARS aangepak het na die tydperk van staatskaping. In die aanloop tot die onlangse verkiesings, het Tito my gebel en my bemoedig om te volhard in die werk wat ons by SARS doen, met benadrukking van hoe belangrik dit is om nooit op te gee met die versterking van ons demokrasie nie. Hy was onwrikbaar in sy soektog om, nie net met die herbouïngpogings te help nie, maar om te verseker dat SARS weereens 'n trotse plek in ons samelewing inneem. Sy wyse raadgewing en onverstoorbare ondersteuning aan SARS om aan hulle mandaat te voldoen, wat die invordering van alles wat aan die staatskis verskuldig is behels, sal gemis word. Met sy ontydelike afsterwe so kort na die afsterwe van mnr. Gordhan, word ons as SARS en die wyer Suid-Afrikaanse samelewing geroof van 'n patriot, 'n onweerlegbare individu en 'n intellektuele reus.

Totsiens Tito - jy het jou deel gedoen; ons sal volhard op die reis jeens versterking van ons fiskale beleide en administratiewe kapasiteit vir die vooruitgang van alle Suid-Afrikaners."

SARS dra graag hulle innige meegevoel en diepste simpatie oor aan die uitgebreide Mboweni-familie met die hartseer afsterwe van die voormalige minister van finansies.

Hamba Kahle!

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.